



Oostelike Sinode van die NG Kerk

LAAT U RYK, HEER,
IN ONS, DEUR ONS,
ORAL KOM!



19 April 2022

FAMILIENUUS 415

[Sien skakel onderaan die dokument indien jy nie meer Familienuus wil ontvang nie.]

VANUIT DIE SINODEHUIS

Die getuïenisse oor die opstanding van Jesus word duidelik in die Bybel verwoord. Hierdie is immers 'n kernsaak van die Evangelie. 'n Verlosser in 'n graf is ondenkbaar...

Die heel beste getuïenis oor die lewende Jesus Christus lê in die lewens van sy volgelinge. Ek blaai deur die Kolossensebrief:

"God het julle saam met Christus lewend gemaak deurdat Hy ons al ons sondes vergewe het." "Hy het die bose magte ontwapen en hulle in die openbaar vertoon deur hulle as gevangenes in die triomftog van Christus mee te voer."

"Daarom moet julle die aardse dinge doodmaak wat nog deel van julle lewe is: onsedelikheid, onreinheid, wellus, slegte begeertes, en gierigheid, wat afgodery is."

"Julle het met die ou, sondige mens gebreek, en leef nou die lewe van die nuwe mens."

"Die boodskap van Christus moet in sy volle rykdom in julle bly."

"Wees geduldig met mekaar. Vergewe mekaar. Julle moet mekaar liefhê. Leef in vrede met mekaar. Leer en onderrig mekaar met wysheid. En wat julle ookal sê of doen, sê en doen dit alles in die Naam van die Here Jesus en dank God die Vader deur Hom."

Dis duidelik: die geloofwaardigheid van ons boodskap oor die opgestane Jesus lê in die lewens van hulle wat bely dat hulle aan Hom behoort.

Francois Retief

RAMP IN KWAZULU-NATAL

Ons het vanoggend kon praat met die leierskap van die Sinode van Kwazulu-Natal met die doel om inligting te verkry oor die hulpverlening wat deur die NG Kerk gelewer word. (Ons Sinode het verlede jaar reeds betrokke gewees toe die onluste daar ook verwoesting gesaai het.)

Water – skoon drinkwater – is nou 'n dringende behoefte. Die Sinode van KwaZulu-Natal organiseer tenkwaens om water by afgeleë gebiede te kry. Die bydraes wat aan die Rampfonds geskenk word, sal hiervoor aangewend word.

Ons sinode se **SinOosSeën Rampfonds** is steeds beskikbaar as voertuig vir gemeentes en lidmate – ook besighede – wat bydraes wil maak. Onthou dat ons 'n Artikel 18A – kwitansie kan uitreik vir belastingdoeleindes. Merk alle deposito's in hierdie rekening "KZN". Persone of besighede wat 'n Artikel 18A kwitansie benodig, moet die deposito self doen en hulle eie kontakbesonderhede verskaf waarheen die kwitansie gestuur kan word. Dit kan nie deur gemeentes gedoen word nie want die "voetspoor" van die donateur loop dan dood. Die **rekeningbesonderhede** is as volg: **SinOosSeën Rampfonds, ABSA rekening 409 650 2989**.

GEE? Dis in die middel van die hart van missionale gemeentes. Dis die DNS van gelowiges. Paasfees het dit weer vir ons duidelik gemaak. God gee. Hy gee ten spyte van... Hy gee aan diegene wat nie kan terugbetaal nie. Hy gee want dis hoe sy hart is. Jesus se Johannes 13 woorde na die voetwassing help ons: "Ek het vir julle 'n voorbeeld gestel sodat julle ook kan doen soos wat Ek gedoen het."

Kom ons gee...

Ons heg [twee dokumente](#) hierby aan vir gebruik in julle kommunikasie met lidmate en besighede.

LERAARS

Stefan Fourie van Parow-Panorama het die beroep as leraar na *kerksondermure* aangeneem en word dit op 8 Mei bevestig.

Daan Klopper word op 24 April as Diensleraar by Lux Mundi bevestig.

Dr Ronald Murray (emeritus) is op 29 Maart oorlede.

Roedolf Botha van Pretoria-Oosterlig het die Desmond Tutu-Gerrit Brand- prys ontvang vir sy debuutwerk *Jesus-leierskap*. Roedolf kyk na Jesus se leierskap aan die hand van die Markus-evangelie. Baie geluk!

Pretoria-Oosterlig is gereeld in die nuus oor die kollegas se skryfwerk. **Ivor Swartz** – wat pas as diensleraar gelegitimeer is – het verlede jaar dieselfde prys ontvang vir sy boek *Die verlore seun vannie Gaatjie*.

kerksondermure het Gerrit Visser van Horison-gemeente in Roodepoort as leraar beroep.

Witbank-Klipfontein het ook besluit om 'n nuwe "noemnaam" te gebruik. Hulle sal voortaan bekendstaan as Basileia Gemeente (Koninkryksgemeente).

GEMEENTES

Lux Mundi stel 'n pos vir 'n [Bedieningskoördineerder](#) bekend.

Amsterdam het 'n [vakature](#) vir 'n leraar / emeritus.

Hendrina vertel 'n wonderlike [storie](#) oor die preekstoel. Baie dankie, Tielman!

SINODESITTING 2022

Die Sinodale Diensraad het besluit om **Sinodesitting** te hou op **Maandag 1 – Woensdag 3 Augustus** by die kerkkompleks van Pierre van Ryneveld.

Ons het reeds die eerste **geloofsbriewe** van gemeentes ontvang. Ons heg die [proforma-geloofsbrief](#) weer hier aan.

Ons heg ook 'n lys aan van [gastehuisse](#) wie se besonderhede ons het.

Die Fondsdiensgroep is besig om te werk aan 'n model waarvolgens ons aan gemeentes wat van ver moet kom en ook verblyf moet betaal, probeer help met die onkoste wat hulle per afgevaardigde moet aangaan.

Hoekom 'n Sinodesitting? Ons moet saam reflekteer oor waar die gemeentes van Oostelike Sinode nou is in terme van ons missionale roeping; ons moet leiers vir die Sinode aanwys; ons wil toegerus word om ons roeping weer te verstaan en met energie uit te leef; ons moet besin oor die kern van ons verhoudinge as sinode...

FINANSIËLE STATE 2021/22

Dis weer daardie tyd van die jaar waar kerkrade moet toesien dat die gemeente se finansiële state opgestel word.

Hierdie is 'n baie belangrike bestuursverantwoordelikheid van die kerkraad. Dis nie maar net 'n kantoorpersoneellid se verantwoordelikheid nie. Die resultate van die gemeentes se finansiële bedrywigheid vir die afgelope jaar, die finansiële posisie van die gemeente asook die begroting vir die volgende jaar is 'n kerkraadsverantwoordelikheid. Help asseblief die personeel om die kerkraad hiermee te help.

Die Sinode gebruik 'n baie spesifieke formaat vir die [finansiële state](#). Daar is baie goeie redes hiervoor. Dit help die gemeentes om inligting maklik te kan gebruik. Die Sinode moet weer die state van gemeentes kompilleer vir verdere berekenings wat gemaak word. Verslae moet opgestel word. Die Ontvanger van Inkomste verlang inligting om die Openbare Weldaad-Organisasie – status (OWO) van die gemeente na te gaan.

Moet asseblief geen ander formaat gebruik nie.

Dankie vir die kantoorpersoneel wat verseker dat alles netjies en ordelik verloop met die fondse wat aan 'n gemeente toevertrou word deur lidmate.

PREDIKANTE- EN AMPTENARE PENSIOENFONDS – EN DIE BEGRAFNISPOLIS

Theo Smith van die Pensioenkantoor gee inligting oor die begrafnispolis wat nou deel geword het van predikante se pensioenpakket. Die begrafnispolis is nie opsioneel nie – dit vorm deel van die pensioenvoorsiening van leraars. Maak asseblief seker dat die premie maandeliks oorbetal word. Let wel: hierdie premie-betaling word afsonderlik van die Retirement Fund Web-transaksie gedoen. Ons stuur hiermee Omsendskrywe [2](#) en [3](#).

PRODUKTE en TOERUSTING

Excelsus is die voertuig van die Teologiese Fakulteit waardeur leraars toegerus word. Hulle stuur telkens die bekendstelling van hulle kursusse na gemeentes en leraars uit. Gee asseblief goeie aandag hieraan. Hulle webwerf is www.excelsus.org.za .



Missie Japan se [nuusbrieff](#) vertel ons van die werk daar ver in die ooste.

ONS WEBWERF EN SINODEHUIS-PERSONEEL

Onthou asseblief om die inligting op ons **webwerf** te benut www.sinoos.co.za .

Leraars en kerkkantore kan met groot vrymoedigheid die **personeel** kontak om advies, raad, hulp, ondersteuning – ons help graag. Die personeel is in die Sinodehuis op hulle pos. Ons telefoonnommer is 012 804 9543.

'n Belangrike stukkie administrasie in elke kerkkantoor is die **Inventarisvorm**. Die [vorm](#) word hier aangeheg met die versoek dat dit asseblief spoedig na die Sinodehuis teruggestuur word.

VERJAARSDAE

Hartlik geluk aan elkeen wat tot 2 Mei verjaar. Seënwense!



PREDIKANTE

- 21 April - Herman Nienaber, Pretoria-Oosterlig
- 24 April - Ivan Skinner, kerksondermure
- 25 April - Johan (Jnr) Koen, Lydenburg
- 27 April - Casper Booy, Middelburg-Kanonkop
- 28 April - Pieter van der Merwe, Olifantsfontein
- 29 April - Manie Groenewald, Voetspore Gemeenskapskerk (Lyttelton-Oos)

EMERITI

- 23 April - Gavin Meistre, Pretoria-Garsfontein 2021
- 26 April - Ben Blom, Belfast 2020
- 27 April - Tienie de Bruyn, Premiermyn 2010
- 1 Mei - Tommie Marais, Nelspruit 2015

GEMEENTES

- 20 April - Lyttelton-Noord (61)
- 21 April - Paardekop (101)
- 22 April - Lyttelton (78)
- 24 April - Nelspruit-Westergloed (48)
- 30 April - Amsterdam (112)
- 2 Mei – Ligkruis (Middelburg) (40)

SINODEHUIS

- 24 April - Cathy Odendaal, Oostelike Sinode

Francois Retief
Uitvoerende Amptenaar
uitamp@sinoos.co.za



NOTA: INDIEN U WIL UITTEKEN EN NIE MEER DIE FAMILIENUUS WIL ONTVANG NIE, KLIK [HIER](#).

VRYWARING: Die informasie vervat in die boodskap is konfidensieel en word beskerm deur die reg. Indien u nie die geadresseerde is nie, wis asseblief uit en verwittig die afsender. Dit is onwettig om die inhoud van die boodskap bekend te maak, te kopieër of te versprei, of enige aksie te neem wat op die inhoud daarvan gebaseer is. Kontak die afsender indien jy die e-pos foutiewelik ontvang het.

DISCLAIMER: The information in this message is confidential and may be legally privileged. It is intended solely for the addressee. Access to this message by anyone else is unauthorized. If you are not the intended recipient, any disclosure, copying, or distribution of the message, or any action or omission taken by you in reliance on it, is prohibited and may be unlawful. Please immediately contact the sender if you have received this message in error.